Die Rooivleis Familie

TEKS | Kobus van der Heever FOTO'S | Jaco Cilliers

Sparta is voorwaar 'n Vrystaatse suksesverhaal. Op 'n plaas 15 km buite Marquard, in die middel van die Oos-Vrystaat, ry 'n mens verby Sparta. Hier het wyle Dirk van Reenen en sy vrou, Betty, sowat 43 jaar gelede op 'n familieplaas met 30 beeste begin boer. Met toewyding, harde werk, goeie mensekennis, 'n passie vir die bedryf en vir die Vrystaat het hulle twee die Sparta wat ons vandag ken, saam opgebou. Tans het die groep ongeveer 45 000 beeste in die voerkraal en tussen 10 000 en 23 000 kalwers op die plase. Hulle bestuur ook 'n abattoir op Welkom wat hulle in 1999 aangekoop het.

Dirk is 'n gebore entrepreneur, en hy het groot planne met sy 30 beeste gehad. Maar hy het meer as net gedroom - hy het werk gemaak daarvan om sy drome 'n werklikheid te maak. Met sy toewyding het hy nie net homself verryk nie, maar ook baie ander mense saam met hom op die pad na sukses geneem. Sparta het vandag 1 200 mense in diens en dra maandeliks meer as R4 miljoen tot die Vrystaatse ekonomie by. Dirk was 'n voerkraalpionier. Hy was een van die stigterslede van die Suid-Afrikaanse Voerkraalvereniging en was self vir etlike jare voorsitter van die organisasie.

Dirk se harde werk word vandag voortgesit deur drie van sy kinders wat aan die roer van sake by Sparta staan. Met Lou as voorsitter van die Raad, Lynette as direkteur en hulle suster, Estelle, as hoof uitvoerende beampte, bestuur hulle saam een van die land se grootste voerkrale en vleisvervaardigers sowel as ander boerderyondernemings.

Entrepreneurskap is een van die dinge wat die drie Van Reenen-kinders by hulle pa geërf het. "Ons is nie hier om die besigheid net aan die gang te hou nie, ons is hier om daarop voort te bou, en ek glo die mark is reg vir wat ons beoog. My pa was 'n pionier in sy veld. Hy het byvoorbeeld die eerste ontbenings plaaslik in Suid-Afrika begin en ons wil op hierdie nalatenskap voortbou", sê Estelle.

"Sparta is midde-in 'n dinamiese, en vir ons 'n baie opwindende skuif van 'n verskaffer van vleis aan groothandelmaatskappye na 'n huishoudelike naam," sê Lynette. Hulle is juis besig met die finale afrondingswerk aan 'n promosieveldtog wat in Mei in Bloemfontein, Welkom en Marquard afskop. "En moenie dink ons gaan hier stop nie. Daar is groot planne vir 'n landwye promosie, maar dit was vir ons belangrik om die promosie tussen ons eie mense hier in die Vrystaat te loods," sê Lynette. Een van die volgende inisiatiewe is byvoorbeeld om Sparta-vleis onder die Sparta-handelsmerk aan die publiek te verkoop.

Hierdie inisiatiewe is egter nie net tot vleisprodukte beperk nie. Soos Lou dit stel, "Ons trek kennis van voerkrale en abattoirs van reg oor die wêreld en maak gereeld van internasionale konsultante gebruik om ons te help om Sparta aan die voorpunt van voerkraaltegnologie te hou." Vir Lou, wat in beheer van die voerkraal is, is kennis en voortdurende vernuwing van tegnologie en die welsyn van die diere van uiterste belang. "Ons is een van Suid-Afrika se grootste vleisprodusente, en ons moet weet dat ons deur die hele proses, van kalf tot slagbees, 'n goeie gehalte produk kan verseker." Lynette, wat in beheer van die slag- en ontbeningsfasiliteit in Welkom is, sê verder, "Ons abattoir is goegekeur vir uitvoer en word volgens internasionale higiëniese en veiligheidspraktyke bestuur. Ons versprei jaarliks ongeveer 41 000 ton vleis vanuit ons abattoir, waarvan sowat 12 000 ton ontbeen is. Die druk is dus groot om nie net 'n smaaklike, maar ook 'n higiëniese produk te vervaardig."

Ten spyte van die maatskappy se grootte, is familiewaardes nog steeds een van die hoekstene van die maatskappy. Calvin Topkin, 'n uitvoerende direkteur van die groep, som dit mooi op: "Vir ons as Sparta-groep is ons mense die belangrikste. Ons het 'n baie dinamiese span en ons glo onwrikbaar dat voortdurende opleiding en investering in ons mense een van die hoekstene van ons sukses is."

Sparta is ook baie betrokke by hulle gemeenskap. Hulle het byvoorbeeld in samewerking met die Vrystaatse plaaslike regering 300 huise vir hulle werknemers en ander lede van die gemeenskap help bou. Daar word ook jaarliks bygedra tot verskeie liefdadigheidsorganisasies, beurse vir tersiêre onderrig sowel as sportbeurse vir werknemers se kinders. Skoolopleiding is vir Sparta baie belangrik, en hulle gee daarom ook donasies aan skole in Marquard en Moemaneng.

Daar is baie meer aan hierdie maatskapy as net die ooglopende. Hulle is hier om die Vrystaat, hulle mense en hulle bedryf te bevoordeel.

Wanneer jy volgende keer om 'n mieliestronkbraai staan en 'n stukkie beesvleis op die kole gooi, kan jy maar terugstaan en met trots 'n glasie op die Vrystaat en sy mense klink en onthou dat van die beste beesvleis in die land hier, in die hartjie van die Vrystaat, geproduseer word.

- verf die hele Vrystaat rooi!

sparta
QUALITY BEEF SINCE 1966

www.sparta.co.za